

Maandag

Mat. 6: 13 en Mat. 28: 16 – 20; Jes. 44: 18 – 20; Rom. 1: 18 – 28. Teks Mat. 6:13 “En laat ons nie in versoeking kom nie.” Tema: 'Ons bid Christus om God met ons te wees en nie vir ons die afgod te wees wat ons van Hom maak nie.' Die bede “vergeef ons, ons oortredings” gaan oor sondes wat ons reeds gedoen het. Hierdie bede gaan oor die sondes waarheen ons op pad is. Die vreemde van hierdie bede is dat dit 'n versoek is tot God oor wat Hy nie met ons moet doen nie, met die sondes wat ons wil gaan doen. Hierdie bede is oop vir baie misverstand. Dit kan lyk asof dit God is wat mense uitlok om sonde te doen. In al die wêreld se afgodsdienste lok afgode mense uit om sonde te doen om hulle dan te verlekke in mense se skade. Die Christelike weergawe van hierdie wrede kat-en-muis-speletjies van afgode met mense is dat geestelikes vandag voorhou dat Christus jou uitlok om sonde te doen, as 'n toets of jy Hom regtig lief het. Dit is sommer net geestelike nonsens. 'n Ander wanopvatting oor hierdie bede is dat geestelikes voorhou dat ons tot God moet bid om te keer dat ons nie sondige gedagtes, gevoelens en begeertes sal kry nie. Maar vir wie het God hierdie gebed al ooit waargemaak, dat Hy keer dat jy sondige gedagtes, gevoelens en begeertes kry? Dit is maar net 'n ander wrede geestelikheid want jy moet aanhou bid vir iets wat God nooit doen nie. Martin Luther het hieroor al die stelling gemaak dat jy nie kan keer dat 'n voël oor jou kop vlieg nie, maar dat jy kan keer dat daardie voël nie op jou kop kan nes maak nie. God se verlossing keer nie dat ons sondige gedagtes of gevoelens kry nie. Nog 'n wanopvatting is dat 'n mens dan bid dat God jou moet help dat jy jouself nie in versoeking laat kom nie, deur jou van sondige plekke weg te hou. Dit kan egter nooit die betekenis van hierdie bede wees nie. Hierdie gebed is en bly 'n gebed tot God oor hoe Hy God is en vir ons God sal wees: ons bid dat Hy ons nie aan die sondes wat ons wil gaan doen, sal oorgee nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Mat. 6: 13 en Mat. 28: 16 – 20; Jes. 44: 18 – 20; Rom. 1: 18 – 28. Teks: Mat. 6:13: “En laat ons nie in versoeking kom nie.” Tema: 'Ons bid Christus om God met ons te wees en nie vir ons die afgod te wees wat ons van Hom maak nie.' Hierdie gebed gaan oor wat God met ons doen wanneer ons op pad is om sonde te doen. Ons kan dit met 'n voorbeeld oor kleintjies se gedrag van so twee drie jaar oud toelig, wanneer hul ouers vir hulle sê om nie die blompot op die tafel te gaan vat of die mooi lappies op die tafeltjies te gaan aftrek, waarheen hulle op pad is om dit te doen nie. Hulle vries dadelik as hulle hierdie opdrag hoor en kyk net so vinnig na pa of ma. En dan gebeur daar 'n baie belangrike ding. Eers kyk hulle weg en dan staar hulle so bietjie met sulke leë oë die niet in. Na hierdie wegkyk en vêr kyk, doen hulle presies voor hulle ouers wat hulle verbied was terwyl hulle vrolik verder speel. Wat gebeur hierso? Die groot geheim is daardie vinnige opkyk, wegkyk en vêr kyk met sulke leë oë wat skielik niks meer sien nie. Met daardie wegkyk glo hulle hulle vat hulle ouers weg uit die kamer uit! Met daardie leë oë wat niks sien nie, maak hulle 'n nuwe

pa en ma in hulle harte, gedagtes en begeertes op wat nooit vir hulle sal sê hulle mag nie die blompot vat nie of die lappies aftrek nie. Vir hierdie nuwe opgemaakte ouers in hulle harte en gedagtes, kan hulle nou vrolik en oulik doen wat hulle verbied is. Met hulle wegkyk en vêr kyk, maak hulle hul regte ouers afwesig en maak hulle in hulle self vir hulle ander ouers wat nie só met hulle praat nie. Daarom stap hulle dan so voor hul ouers en doen presies wat hulle verbied is. Want in hulle gedagtes, gevoelens en begeertes is hul regte ouers vir wie hul stout is, weg en vir die opgemaakte ouers in hul harte is hulle oulik met wat hulle doen. Omdat ons só sondes gaan doen, moet ons bid dat God ons nie in die versoeking lei nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus.

Woensdag

Mat. 6: 13 en Mat. 28: 16 – 20; Jes. 44: 18 – 20; Rom. 1: 18 – 28. Teks: Mat. 6:13: “En laat ons nie in versoeking kom nie.” Tema: 'Ons bid Christus om God met ons te wees en nie vir ons die afgod te wees wat ons van Hom maak nie.' Hierdie vinnig opkyk, wegkyk en vêr kyk van kleintjies (waarvan ons gister gepraat het) is presies hoe Paulus in Rom. 1: 18 – 32 beskryf hoe mense sonde doen! Mense doen sonde omdat hulle glo die regte Skepper is weg en die nuwe god wat hulle in hul hart en gedagtes opgemaak het, verbied hulle niks of wys hulle niks nie. Paulus sê 'n mens weet vanuit alles wat God as teenwoordige Skepper doen, dat Hy waarlik God is - Rom. 1: 19 Dit is soos daardie kleintjie wat vinnig na sy pa of ma kyk en weet dis sy regte pa of ma wat vir hom sorg wat "Moenie" vir hom sê. Net so: Mense wéét hulle leef in die teenwoordigheid van God. Maar wat doen hulle dan? Paulus sê dat mense wat sien Hy is God, gee Hom nie eer en dank vir wie Hy as God is nie - Rom. 1: 21. Dit is wat daardie kleintjie doen met daardie wegkyk: hulle ontnem hul ouers die eer en dank as teenwoordige ouers. Mense maak die teenwoordige Skepper vir hulleself afwesig in hulle eie lewe. Dan sê Paulus dat mense in die plek van God wat hulle afwesig maak, hulle beelde opmaak wat lyk soos mense of diere - Rom. 1: 23 Dit is daardie veraf kyk waarmee 'n kleintjie met sulke leë oë staan en in sy hart en verstand beelde opmaak van 'n ander pa en ma wat nie vir hom “nee” sê nie. Hierdie "beelde opmaak" beteken om jou eie god volgens jou eie gedagtes op te maak en hierdie god in jou hart en gedagtes as die regte God te glo. Mense verruil die teenwoordige God vir die opgemaakte god in hulle harte sodat hulle vrolik en vrymoedig sonde kan doen - Rom.1:25. Omdat ons op hiërdie wyse sonde doen, moet ons tot die Here bid om ons nie in versoeking te laat kom en te lei nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za. Ds. Petrus

Donderdag

Mat. 6: 13 en Mat. 28: 16 – 20; Jes. 44: 18 – 20; Rom. 1: 18 – 28. Teks: Mat. 6:13: “En laat ons nie in versoeking kom nie.” Tema: 'Ons bid Christus om God met ons te wees en nie vir ons die afgod te wees wat ons van Hom maak nie.' Paulus wys dat God iets verskrikliks met mense doen wat Hom as Skepper probeer wegvat (verruil) met die god in hul harte en gedagtes. Wat Paulus hier sê wat God met sulke mense doen, is die sleutel vir die gebed: “Lei ons of laat ons nie in die versoeking kom nie.”

Paulus sê dat God hulle oorgee aan...

die drange van hul hart, Rom. 1: 24,

hul verdraaide opvattinge, Rom. 1:28

en hul skandelike drifte. Rom. 1: 26.

In Esegïel 14: 3 – 9 wys die profeet wat doen God met sulke mense: Hy wórd vir mense wat Hom afwesig maak met die god van hul hart en verstand, die afgod wat hulle opmaak. Die Here stel dit so in vers 9: “En as ’n profeet hom dan laat verlei om iets te sê, is dit Ek die Here wat hom verlei het,... ” Die Here verlei hulle deur hulle OOR TE GEE in hul (valse) geloof dat Hy nie meer regtig God nie, maar nét die afgod van hul gevoelens en gedagtes is. Dit is soos ’n pa en ma wat vir ’n kind sê hy moenie met die beker kookwater se koord trek nie of hy moenie naby die vuur kom waar die kole op die grond lê nie. En as die kleintjie nie luister nie, hom uitlos. As ’n ouer besluit hy gaan die kleintjie los dat hy maar glo in sy opgemaakte ouers, en maar seerkry en verbrand, dan het so ouer hierdie kind aan sy eie verdraaide opvatting OORGEGEE. Hulle het eintlik besluit hierdie is nie my kind nie, ek gaan hom los om te doen wat sy opgemaakte ouers vir hom sê – niks nie! Só ’n ouer het besluit om vir sy kind die AFWESIGE ouer te wees en aan ’n OPGEMAAKTE ouer in die kind se hart en kop oor te gee. En dit is die sleutel vir die gebed “Laat ons nie in versoeking kom nie”. Met hierdie gebed vra ons Jesus Christus as Here om onself nie aan die god wat ons in ons hart en verstand opmaak oor te gee, wanneer ons op pad is om sonde te gaan doen nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Vrydag

Mat. 6: 13 en Mat. 28: 16 – 20; Jes. 44: 18 – 20; Rom. 1: 18 – 28. Teks: Mat. 6:13:

“En laat ons nie in versoeking kom nie.” Tema: 'Ons bid Christus om God met ons te wees en nie vir ons die afgod te wees wat ons van Hom maak nie.' Wat ons bid wanneer ons tot Christus wat God met ons is, bid dat Hy ons nie in die versoeking moet inlei nie, ons nie aan die god van ons hart en gedagtes moet oorgee nie, is: Here moet ons asseblief nie los nie! Moet ons asseblief nie los as ons U in ons lewe wegkyk en maak asof U nie meer God met ons is nie; Moet ons asseblief nie los as ons ver kyk en van U ’n ander beeld in ons hart en gedagtes maak as wie U regtig saam met ons is nie; Moet ons asseblief nie uitlos om voor U verby u te loop en ons sonde te gaan doen terwyl U staan en niks doen nie; Gryp ons, tel ons op, versper ons pad en sluit ons toe wanneer ons van U wegkyk en met ’n ver kyk van U die god van ons sondige gedagtes en gevoelens maak; Moet asseblief nie die afgod van ons gedagtes en gevoelens en begeertes wees, wat ons in ons versoekings inlei en niks sê en niks doen nie. Moet asseblief nie vir ons die afgod wees wat ons van U maak nie, wees vir ons die God wie u in U self vir ons is.

Christus is God met ons Mat. 28:20 Hy is nooit vir ons die god van ons hart en gedagtes nie. Hy sal ons nooit uit los nie wanneer ons Hom probeer afwesig maak met die god van ons hart! Daarom kan ons tot die Here bid, lei ons nie in die versoeking soos die god van ons hart nie, wees vir ons God soos u regtig God is: Gryp ons en versper ons pad vir die sondes wat ons wil gaan doen! Vandag se

geestelikes maak die god van ons gevoelens en begeertes die regte God en Christus vir ons die afwesige god deur mense te laat glo hulle moet God in hul lewe innooi, en God in en deur hulle laat lewe. Hierdie "God" wat ons in ons hart en lewe innooi, sê niks nie en staan stil en doen niks wanneer ons sondes gaan doen. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus.